

8 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 3:1-7
Fokusgedeelte: Genesis 3:4-6

Wees gewaarsku!

Die Ou Testament begin met die listigheid van die duiwel in die paradys. Die duiwel keer die woorde van God presies om deur Eva aan te moedig om te eet: “Julle sal beslis nie sterf nie ... julle oë sal oopgaan ... en dan sal julle soos God wees ...” Eva het geluister en geëet.

Op die eerste bladsye van die Nuwe Testament slaan die duiwel met sy listigheid op Jesus toe as hy Jesus drie keer versoek (vgl. Dagstukkies van 5 Maart). In die proses misbruik hy die Skrif om homself te pas. Jesus beroep hom in al drie gevalle op die Skrif, as Hy sê: “Daar staan geskrywe ...”

Hierdie gedeelte leer ons 'n paar dinge: Die duiwel en sy bese geeste is vyande van God en van alles wat goed is. Hulle loer soos moordenaars op die kerk en op elke lidmaat (NGB Art. 12). Die mens is swak en struikel so maklik. Moet nooit op jou eie krag vertrou nie, ook nie vandag nie. Jy is te swak! Vertrou op die Here en lewe in gehoorsaamheid aan sy Woord, al lyk die aanbiedinge van die duiwel hoe onskuldig. Jesus het die voorbeeld gestel deur elke keer te sê: “Daar staan geskrywe ...” (Matt 4:1-11). Paulus skrywe aan die Efesiërs (Ef 6:11, 17): “Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee ... en vat die swaard van die Gees, dit is die Woord van God.”

Wees gewaarsku: die duiwel is jou doodsvyand nommer een! Hy loop rond soos 'n brullende leeu. Jy kan alleen oorwin met die swaard van die Gees!

Sing: Psalm 125: 1 (Totius)

Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)